

### ***Net goedheid en liefde al die dae van my lewe***

In Psalm 23:6 word al die dae van ons lewe getipeer. Dit sluit elke dag in wat hierdie jaar verbygegaan het en elke dag van die nuwe jaar wat voorlê.

Die groot kenmerk van elke dag van ons lewe is dat "*goedheid en liefde*" elke dag van ons lewe by ons bly. Dit volg ons. Ons kan nie daarvan loskom nie.

Dit is so omdat die Here ons Herder is. Dit is beeldspraak waardeur die Here die intieme liefdesverhouding tussen Hom en sy kinders verduidelik. Hou 'n goeie herder dop. Kyk hoeveel gee Hy om en hoe versorg Hy die kudde. Kyk hoe vertrou die skape hom en hoe volg hulle hom. So is die verhouding tussen julle en my. Die Herder was bereid om sy lewe af te lê (Joh. 10:17).

Dit lei daartoe dat slegs goedheid en liefde by die kudde bly en dat niks hulle kortkom nie. Wat doen die Here as ons Herder?

*Verkwikking* (Vers 2): Deur sy Heilige Gees en Woord gee Hy elke keer vir sy skape rus en vrede. Die groen weivelde en die waters van rus is simbool van die Woord en Gees van God wat elke keer 'n vrede gee wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7). Dit is goedheid en liefde!

*Leiding* (vers 3): Hy wys self vir ons wat die spore van geregtigheid in die lewe is en gee ons krag deur sy Heilige Gees om daarop te trap. Hy verlos ons van die spore van ongeregtigheid en al die gevolge daarvan deur sy genade. Dit is goedheid en liefde!

*Beskerming en vertroosting* (vers 4): Hoe donkerder die dieptes is, hoe meer word jy bewus van sy almagtige, getroue teenwoordigheid. Dit is vir jou so konkreet as die stok en staf waarmee die herder sy kudde beskerm. Jy besef: "In u Hande is ek veilig".

*Feestelike hartlikheid* (vers 5) Die Goeie Herder maak die lewe van sy kinders uiteindelik feestelik en hartlik. Blydschap is die hoofsaak. Dit is 'n feestelike hartlikheid wat jy ervaar ook deur dit wat ander mense vir jou doen. Die feestelike hartlikheid beleef jy beslis in voorspoed en teespoed. Kyk maar net, dit is daar! (Lees ook Ps. 31:20).

Alles bymekaar gevoeg bring ons by die gevolgtrekking van vers 5: "*U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae*". Die huis van die Here, die verhouding waarin ek met Hom as sy kind staan, is my tuiste, waar ek wil wees, vir altyd!

Ds. C. Hatting (Rietvallei)